# DIE SOSIALE KONSTRUKSIE-MODEL EN DIE SPANNING TUSSEN HOOR EN DOEN AS REAKSIE OP DIE PREDIKING

D J B Kleynhans[1] & J S Kellerman[2]

## OPSOMMING

Prediking is die kommunikasiegebeure waardeur die boodskap van die evangelie van Jesus Christus aan die wêreld bekend gemaak word. As kommunikasiegebeure het die prediking die einddoel om mense se lewens te verander (Vgl Kellerman 1993: 176). In 'n Magisterskripsie wys Van der Westhuizen (1996:8) deur die gebruik van die term reaksiespanning daarop dat lidmate nie altyd gereed is om die boodskap vanuit die Woord deur die prediking, te gaan leef nie. In sy skripsie toon hy aan dat beplande prediking, taalgebruik, vormgewing, asook die prediker en die hoorders se persoonlikhede en spiritualiteit 'n belangrike rol speel in die oorbrugging van die reaksiespanning (Van der Westhuizen 1996:10-26). Die terapeutiese beginsels wat vloei vanuit die sosiale konstruksie-model kan beslis 'n verdere rol speel in die oorbrugging van die reaksiespanning by lidmate ten opsigte van die prediking. In 'n poging om die reaksiespanning by lidmate ten opsigte van die prediking vanuit die sosiale konstruksie-model aan te spreek, sal kortliks aandag gegee word aan die sosiale konstruksie-model en die terapeutiese beginsels wat daaruit vloei asook die eie aard van die prediking. Daarna sal die terapeutiese beginsels vanuit die sosiale konstruksie-model op die prediking toegepas word in 'n poging om die reaksiespanning by lidmate te probeer aanspreek.

## SOCIAL CONSTRUCTION MODEL AND THE TENSION BETWEEN LISTENING AND DOING AS REACTION TO PREACHING

Preaching is the occurrence of communication through which the gospel of Jesus Christ is made known to the world, in order to change people's lives. According to the social construction model each individual has an own constructed life story. This constructed life story acquires power over the individual, to such an extent that change cannot take place without deconstructing the life story. Deconstructing the life story or self-narrative leads to change. Thus the life story prevents the change that the preaching of the gospel wants to bring about. Deconstruction is furthered

1 Ds D J B Kleynhans, NG Gemeente Ladybrand, Nagraadse student, Departement Praktiese Teologie, UOVS, Bloemfontein 9300.

2 Prof J S Kellerman, Departementshoof, Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Bloemfontein 9300.

through communication. Preaching the gospel must be utilised to lead the individual to communication with self and others. When preaching the gospel it is more important to ask the right questions, than giving the right answers. The right questions will stimulate the hearer to tell his/her own story. In doing so, his/her life story will be deconstructed and changed according to the preached word will take place.

# 1. DIE SOSIALE KONSTRUKSIE-MODEL

## 1.1 Teoretiese vertrekpunt

Die sosiale konstruksie-model gaan uit van die gedagte dat elke persoon betekenis gee aan gebeurtenisse deur dit te storie. Elke persoon het dus 'n storie oor homself. Hierdie storie noem ons 'n lewensverhaal of 'n self-narratief. Hierdie verhaal wat die persoon as waarheid beleef, is egter slegs 'n interpretasie en 'n konstruksie. Verskeie faktore speel 'n rol in die betekenis wat 'n persoon aan gebeurtenisse heg terwyl hy/sy sy/haar lewensverhaal konstrueer. Die sosiale konstruksie-model beklemtoon die feit dat kennis slegs interpretasies is en dus kan verander.

Die proses waardeur kennis gevorm word deur interpretasie, is belangrik. Teoreties speel alles wat gebeur met 'n persoon of met die sisteem waarbinne die persoon funksioneer, 'n rol in die vorming van sy/haar lewensverhaal. Kerr en Bowen (1988) gebruik die term *multi-generational emotional process* waarin hulle aantoon dat 'n persoon se lewensverhaal oor geslagte heen beïnvloed word. Gebeure in die persoon se familiegeskiedenis, byvoorbeeld die afsterwe van 'n kind, bankrotskap, verontregting of enige traumatiese ervaring, kon tot sekere hanteringspatrone gelei het wat deur die nageslag oorgeneem is en as korrekte of enigste hanteringswyse aanvaar word. Enige inligting wat op 'n persoon se geniagram verskyn, byvoorbeeld die lewensfase van 'n persoon of 'n familie tydens 'n spesifieke ervaring, die posisie van 'n persoon binne 'n gesin, die naam wat 'n persoon dra, die wyse hoe persone wat belangrik was vir die persoon hom/haar behandel het, die kultuur en godsdienstige agtergrond, dit alles en nog baie meer, het 'n invloed op die konstruksie van 'n persoon se lewensverhaal. Wat hier ook van belang is, is die sisteembenadering wat uitgaan van die gedagte dat enige persoon deel is van 'n sisteem terwyl hierdie sisteem weer deel is van groter sisteme. 'n Sisteem se

verskillende dele oefen kragte op mekaar uit sodat die sisteem altyd in balans is. Die belangrike beginsel is dat enige invloed op enige van die dele van 'n sisteem die hele sisteem beïnvloed. 'n Voorbeeld in die natuur is ons sonnestelsel wat deur kragte in balans gehou word. Sou enige van hierdie kragte verdwyn of verander, sal dit 'n invloed hê op al die verskillende dele van die stelsel. 'n Individu se proses van interpretasie waardeur hy/sy kennis konstrueer en vanuit hierdie kennis optree, word in die meeste gevalle bepaal deur die kragte wat op hom/haar uitgeoefen word en nie volgens 'n rasionele besluit nie. Elke persoon is dus deel van 'n sisteem wat weer inskakel by groter sisteme.

Nuwe optrede of verandering by 'n persoon is volgens hierdie teorie baie moeilik aangesien die enkeling baie moeilik die balans van die sisteem sal versteur deur besluite en optrede wat vreemd aan die sisteem is. Die kragte binne die sisteem dwing 'n persoon om sekere besluite te neem ten einde die sisteem in balans te hou. Friedmann (1985:15) skryf: "The components do not function according to their 'nature' but according to their position in the network". Die persoon se lewensverhaal word dus geskryf in lyn en in samewerking met die posisie van die persoon binne die sisteem en in lyn met die emosionele kragte en patrone binne die sisteem.

Wat vir terapie belangrik is, is die feit dat hierdie lewensverhaal dus mag het en inderdaad 'n persoon se lewe regeer. Hoewel 'n persoon hierdie verhaal skep deur betekenis te heg aan gebeurtenisse, word 'n persoon inderdaad 'n slagoffer van sy/haar lewensverhaal. Sy/haar lewensverhaal leef hom/haar. Hy/sy kom dus binne die mag van 'n konstruksie wat hy/sy self gemaak het. 'n Persoon tree altyd so op dat hy/sy getrou bly aan 'n lewensverhaal. Nuwe inligting word dan ook so geïnterpreteer dat dit getrou is aan die bestaande lewensverhaal. In die inleiding van die boek, *Narrative Means to Therapeutic Ends* van Michael White en David Epston (1990) sktyf Karl Tomm:

> For instance, most of us have a multiplicity of stories available to us about others, and about our relationships. Some of these stories promote competence and wellness. Others serve to constrain, trivialize, disqualify, or otherwise pathologize ourselves, others, and our relationships. Still other stories can be reassuring, uplifting, liberating, revitalizing, or healing. The particular story that pre-

> vails or dominates in giving meaning to the events of our lives, determines to a large extent, the nature of our lived experience and our pattern of action. When a problem-saturated story predominates, we are repeatedly invited into disappointment and misery. Given the natural conservative drifting that we are all subject to, it becomes increasingly difficult to liberate ourselves from habitually re-performing the same old problematic story. It is this domination of problematic knowledge and the tenacious prevalence of pathologizing stories that make the exploration of knowledge as power' so relevant.

Geskepte (gekonstrueerde) stories kry dus mag oor 'n persoon. Hierdie mag beïnvloed nie net 'n persoon se huidige optrede nie, maar beïnvloed die verdere skryf van sy/haar lewensverhaal wat sy/haar toekomstige optrede ook beïnvloed. Soos Karl Tomm uitwys, ontstaan 'n groot probleem as 'n persoon se lewensverhaal 'n afbrekende invloed het. Omdat hierdie verhaal mag het, dwing dit hierdie persoon om nooit 'n suksesverhaal te hê nie. Die oplossing lê dus daarin dat hierdie verhaal verander moet word. Tereg merk Alan Parry op "Beliefs are embedded in the story; change the story and old beliefs are shattered" (1991:42). Vanuit die hoek van die sosiale konstruksie-model kan reaksiespanning by hoorders van 'n preek gesien word as die onvermoë om te reageer omdat die lewensverhaal van 'n persoon enige verandering of positiewe reaksie blokkeer.

Die doel van terapie vanuit die hoek van die sosiale konstruksie model is om die lewensverhaal te herskryf. 'n Verhaal wat genees, moet mag kry in plaas van 'n selfvernietigende lewensverhaal. Ons het reeds gesien dat 'n persoon skep 'n lewensverhaal op grond van geweldig baie invloede van buite, asook op grond van die posisie en emosionele patrone wat bestaan binne die sisteem waarin hy/sy funksioneer. Verder het ons gesien dat hierdie gekonstrueerde lewensverhaal bepaal hoe die persoon betekenis gaan gee aan gebeurtenisse deur daardie gebeurtenisse te interpreteer.

Die persoon se lewensverhaal skep dan as't ware betekenis vir daardie persoon en wel op so 'n wyse dat hierdie lewensverhaal nie bedreig word nie. Die interpretasie van enige gebeure of inligting (ook 'n preek) word bepaal deur die wyse hoe dit inpas by bekende patrone of by die bestaande lewensverhaal (White & Epstone 1990:2). Die lewensverhaal bepaal egter ook verder watter gebeurtenisse uitgekies gaan word om verder te skryf aan hierdie

lewensverhaal (White & Epston 1990:40). In 'n storie is daar meer uitgesluit as ingesluit. Volgens Parry (1991:41) is elke storie 'n daad van sensorskap.

Twee sake is dus van belang met die oog op die verandering van die verhaal wat die persoon se lewe regeer. Eerstens is dit belangrik om te besef dat kennis wat mag gekry het, slegs 'n konstruksie is en dus ge-dekonstrueer kan word. 'n Feit is slegs 'n feit totdat 'n ander feit wat die teenoorgestelde sê, bewys word. 'n Lewensverhaal wat mag het, is die produk van 'n keuse of keuses wat gemaak is. Tweedens moet die persoon ontdek dat nuwe keuses moontlik is, want daar is ook 'n ander verhaal wat bestaan, maar deur die huidige lewensverhaal uitgesensor is. 'n Persoon moet dus gelei word om die alternatiewe verhaal te ontdek en 'n nuwe lewensverhaal te herkonstrueer. Dit is egter belangrik dat die nuwe lewensverhaal moet genees.

## 1.2 Dekonstruksie van lewensverhale

### 1.2.1 Self-differensiasie

Daar is reeds daarop gewys dat die suksesvolle afloop van terapie sou wees die suksesvolle konstruksie van alternatiewe stories. Die pad van de-konstruksie begin waar 'n persoon homself begin differensieer van sy sisteem. Volgens Bowen moet 'n persoon eers bewus wees van die patrone wat binne sy sisteem bestaan. Die persoon moet sy posisie in die sisteem ontdek en verantwoordelikheid aanvaar om self sy besluite te neem en nie meer toelaat dat die sisteem of sy lewensverhaal vir hom besluite neem nie (Friedmann 1985:26-27). Die persoon moet 'n *ek-posisie* inneem. Hierdie *ek-posisie* word beskryf met die term self-differensiasie.

Differensiasie beteken hier dat 'n persoon poog om 'n posisie van objektiwiteit te kry teenoor sy/haar sisteem. 'n Persoon moet uit 'n sisteem uitklim en poog om dit te ontleed. Hy/sy ontdek dan die gebeure wat groot emosionele patrone en spesifieke wyses van optredes tot gevolg gehad het. Hy/sy identifiseer die kragte wat binne die sisteem bestaan en watter invloed hulle het. Hy/sy vra of dit wat as kennis geërf is die enigste wyse is om oor spesifieke sake te dink. Om 'n *ek-posisie* in te neem, beteken dat 'n persoon verantwoordelikheid

aanvaar vir sy/hy optrede binne die sisteem waar hy/sy funksioneer. Die moontlikheid om uit die sisteem te onttrek, bestaan nie. Differensiasie en selfgroei vind alleen plaas binne 'n sisteem. David Waanders (1987:100-110) wys in 'n artikel daarop dat die gedagte van self-differensiasie nie vreemd is aan die Bybel nie. Mense wat baie laag is op die vlak van self-differensiasie word baie maklik gedomineer. Sulke persone tree op volgens wat ander van hulle verwag en is dus baie beïnvloedbaar. Sulke persone is gewoonlik ontevrede met hulleself en met ander. Hulle ervaar hoë vlakke van kroniese angs en word beheer deur hulle emosies terwyl hulle intellek feitlik geen rol in hulle optrede speel nie. Hulle aanvaar gewoonlik ook nie verantwoordelikheid vir hulle optrede nie.

Mense wat in 'n groot mate gedifferensieerd is, onderskei goed tussen gevoel en intellek. Hulle aanvaar dus verantwoordelikheid vir hulle optrede en verwyt nie ander as hulle 'n fout gemaak het nie. Hulle aanvaar hulleself en ander en tree baie gelykmatig op. As die teorie vanuit die sosiale konstruksie-model praat van de-konstruksie met die oog op self-differensiasie, blyk 'n bekende Bybelse term soos geestelike volwassenheid goed hierby in te pas.

Die teorie vanuir die sosiale konstruksie-model beklemtoon dit egter dat die bestaande lewensverhaal verandering of self-differensiasie by mense as't ware onmoontlik maak. Vanuit hierdie teorie sal lidmate preke hoor en waarskynlik daarmee saamstem en selfs skuldig voel, maar nie by magte wees om die boodskap uit te leef nie. Hulle lewensverhale moet eers gede-konstrueer word. Dit beteken nie dat die werk van die Heilige Gees gering geag word en beweer word dat die Heilige Gees nie verandering kan bring nie. Daar wil bloot aangetoon word dat die terapeutiese beginsels vanuit die sosiale konstruksie-model wel positief in die prediking gebruik kan word tot de-konstruksie van mense se stukkende (sondige) lewensverhale en tot die groei na groter geestelike volwassenheid.

Soos reeds genoem, is die doel van terapie om 'n persoon te lei tot die konstruering van 'n nuwe verhaal (herkonstruksie). Anders gestel sou 'n mens seker kan sê dat die doel van terapie is om 'n persoon te bevry van kragte wat op hom/haar inwerk en hom/haar in 'n posisie te plaas waar hy/sy nie meer slagoffer is nie, maar wel die een wat verantwoordelike besluite neem en ook verantwoordelikheid aanvaar

vir die besluite. Vanuit die Christelike hoek beteken dit dat 'n persoon die lewe in verantwoordelikheid as antwoordende wese (Kotze 1992:135) voor God en in kommunikasie met God en God se verhaal met hom, moet lewe. Dit sou dus nie foutief wees om binne die konteks van die verbond van 'n geloofsverhaal in plaas van 'n lewensverhaal te praat nie. Alles wat 'n gelowige doen, is tog in kommunikasie met God. Die doel van pastorale terapie (die woord pastoraal bedoel dat die terapie binne die konteks van die verbondsverhouding tussen God en mens gedoen word) vanuit die hoek van die sosiale konstruksie-model is om die mens wat slagoffer geword het van eksterne faktore, te bevry (self-differensiasie) om as antwoordende mens, in verantwoordelikheid voor God te lewe.

### 1.2.2. Eksternalisering

'n Baie belangrike en baie effektiewe tegniek wat gebruik word om de-konstruksie aan die hand te werk, is die van eksternalisering. In Epstone en White (1999:38) vind ons die volgende definisie van eksternalisering:

> Externalizing is an approach to therapy that encourages persons to objectify and at times personify the problems that they experience as oppressive. In this process the problem becomes a separate entity and thus external to the person or relationship that was ascribed as the problem.

Deur mense te help om hulself en hulle verhouding los te maak van die probleem word 'n nuwe lewensverhaal moontlik (Epstone & White 1990:39). Om die probleem te eksternaliseer moet twee groepe vrae gevra word. Die eerste groep vrae konsentreer op die invloed wat die probleem op die persoon en sy verhoudingslewe het. Die tweede groep vrae moet konsentreer op die invloed wat die persoon op die probleem het. Die persoon moet vanuit die vrae ontdek dat hy/sy die probleem as't ware aan die lewe hou. Hy/sy moet ontdek dat hy/sy die mag van die probleem kan verbreek deur nie meer saam te werk nie (Epstone & White 1990:31). Deur die probleem te eksternaliseer, ontdek die persoon dat hy/sy die probleem kan hanteer en dat die probleem nie beheer oor hom/haar hoef te hê nie. Die voordele van eksternalisering is onder andere dat dit die gevoel van mislukking verminder en die persoon aanmoedig

om beheer te neem. Nuwe moontlikhede word ook geopen om los te kom van die invloed van die probleem. Eksternalisering werk dus de-konstruksie aan die hand. Die probleem word nou die objek wat hanteer word en nie die mislukking van die persoon nie. Die persoon se verhouding met die probleem is nou die probleem en nie meer die persoon self nie. Deur die eksternalisering van die probleem differensieer die persoon hom/haar van die dominante storie wat sy/haar lewe en verhoudings beheer. Die persoon neem dan self beheer oor in plaas van om beheer te word.

### 1.2.3. *Unique outcomes*

'n Volgende tegniek wat gebruik kan word om de-konstruksie aan die hand te werk staan bekend as die ontdekking van ***unique outcomes***. Daar is reeds gesê dat 'n persoon se lewensverhaal 'n sensor is wat sekere gebeure doelbewus weglaat omdat dit nie die huidige lewensverhaal ondersteun nie. Daar ontstaan 'n groot probleem as die persoon se lewensverhaal ***problem-saturated*** is. Deur 'n tegniek van vraagstelling moet 'n persoon gelei word om gebeure waar hy/sy beheer oor die probleem gehad het, te ontdek. Hierdie gebeure moet noukeurig ontleed word sodat die persoon sy/haar optrede ten tye van die probleem goed kan verstaan en kan herhaal. Die identifisering van ***unique outcomes*** en die skep van nuwe betekenis vanuit die ***unique outcomes*** help die persoon om sy/haar weerstand teen die probleem te identifiseer (Epstone en White 1990:63). In die proses word 'n nuwe lewensverhaal geskryf. 'n Verhaal van 'n swakkeling en sondaar verander na 'n verhaal van iemand wat in beheer is, en in beheer sal kan wees. Die soeke na ***unique outcomes*** beteken dat 'n persoon nie konsentreer op die mislukkings nie, maar op die suksesverhale. Dit bekragtig 'n persoon om beheer te neem van sy/haar lewe.

### 1.2.4. *Not-knowing*

'n Verdere tegniek wat gebruik word om ***unique outcomes*** te ontdek, vloei vanuit die denke dat die kliënt die spesialis is op sy/haar eie lewe. Die terapeut neem 'n posisie in van ***ek verstaan nie mooi nie*** en hou aan om ***nuuskierige vrae*** te vra. Epstone en White (1999:9) noem dit die ***not-knowing position***. Die regte vrae dwing die persoon tot self-kommunikasie. Deur self-kommunikasie word die bestaande

lewensverhaal, asook die onvertelde verhaal, ontdek. So ontstaan nuwe betekenis. Deur nuuskierig te wees en doelbewus nie te dink dat hy/sy verstaan nie, maar die kliënt geleentheid te gee om sy/haar eie verhaal te vertel, ontdek die kliënt *unique outcomes*. Dit is egter belangrik dat die terapeut se uitgangspunt nie een *van antwoorde gee* moet wees nie, maar eerder een van *ek weet nie, maar die kliënt weet*. Die klem val dus nie op die antwoorde nie, maar op die self-kommunikasie en die vertel van die verhaal wat lei tot die ontdekking van die verhaal wat uitgesensor is.

Die vraag ontstaan nou of hierdie terapeutiese benadering enige winspunte vir die prediking inhou. Volgens die teorie dat 'n persoon se lewensverhaal enige verandering blokkeer, ontstaan die vraag of die prediking dan enige vrug kan hê as die lewensverhaal nie verander nie. Hoewel die prediking in ons kerke wel groot verskil gemaak het omdat die Heilige Gees uiteindelik die Een is wat die verandering bewerk, hou hierdie benadering groot winspunte in vir die oorbrugging van die reaksiespanning (die gebrek aan reaksie op die prediking.) Voordat ons na die winspunte gaan soek, is dit egter eers belangrik om iets te sê oor die eie aard van die prediking en meer besonder pastorale prediking.

## 2. DIE EIE AARD VAN PASTORAALGERIGTE PREDIKING

### 2.1. Prediking is die verkondiging van die Woord

In die prediking sowel as in die pastorale sorg gaan dit om die Skrifboodskap aan die mens te bring. Prediking is die verkondiging van die Woord wat vertel van die groot dade van die Verbondsgod wat Hom met liefde aan die mens verbind. Hierdie boodskap moet deur die mens gehoor word op so 'n wyse dat die Woord in hom vrug dra (Du Toit 1886:2). 2 Tim 3:16-17 sê:

> Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek.

In die prediking gaan dit dus om die verkondiging van die Woord. Die prediking het 'n kerugmatiese spits en is amptelike spreke in diens van God. Pieterse (1985:7) stel dit soos volg:

> Wie in die prediking aan die Woord kom, kom nie aan die woord om maar sy eie mening bekend te maak nie, maar interpreteer hierdie spesifieke getuienis wat oorgelewer is aangaande Jesus Christus vir die gemeente.

Die prediker moet in sy prediking die navolging van Jesus en die konsekwensies van hierdie navolging, oopvou. Die preek moet die Skrif so laat spreek dat die Woord van God gehoor kan word. Dit beteken dat die preek 'n teksbinding sal hê (Pieterse 1985:12). Die teks moet met die hoorders in dialoog tree. Dialogiese prediking het derhalwe as doel om 'n dialoog tussen die teks en die gemeente tot stand te bring. In terme van die sosiale konstruksie-model sou 'n mens kon sê dat God se verhaal met die mens en met mense deur die eeue, deur die prediking die lidmaat sou lei tot 'n dialoog met God en met sy eie verhaal, ten einde by 'n nuwe verhaal uit te kom wat genesende gevolge sal hê.

Du Toit is dus korrek as hy sê dat die prediker lê in die pastoraalgerigte prediking 'n las op die hart en verstand van die aangesprokene om hom te verander deur 'n beslissing te maak. Du Toit (1986:43) gebruik die woord *parakaleo* om aan te toon dat pastoraalgerigte prediking twee elemente het, naamlik die van vermaning en vertroosting. Die vermanende element moenie skerp en afgehandeld oorkom nie. Die vermaning gaan gepaard met Vaderlike liefde en 'n troosvolle, evangeliese ondertoon. Hierdie vermaning is gegrond in die liefde en verlossingswerk van Christus soos toegepas deur die Heilige Gees. Du Toit (1986:44) noem dit "positiewe vermanende prediking". Hy is van mening dat die gedagte van "negatiewe vermanende" prediking, naamlik om bloot net af te wys of gebiedend aan te spreek, vreemd is aan die Skrif. Daar sal later aangetoon word dat die gedagte van klem op *unique outcomes* juis hierdie gedagte van *positiewe* vermanende prediking beklemtoon.

'n Verdere gedagte wat deur die woord *parakaleo* beklemtoon word, is die soteriologiese. Pastoraalgerigte prediking moet dit beklemtoon dat die Christelike lewenswyse of die lewensverhaal wat gekonstrueer word in antwoord op God se verhaal met die mens, begin met die gebeurtenis van redding of verlossing. Dit is nie maar bloot 'n morele oproep tot 'n beter lewe nie, maar bly Christologies en soteriologies gefundeerd in die verlossingswerk van Jesus

Christus. Hierdie verlossingswerk van Christus word gedra deur die Heilige Gees. Pastoraalgerigte prediking het dus ook 'n pneumatologiese dimensie. Verandering van die lewensverhaal van die mens vind nooit op sy eie plaas nie, maar vind altyd plaas deur die genadige hulp van die Heilige Gees vanuit die verlossing in Jesus Christus. Ek is van mening dat die element van troos juis vanuit die pneumatologiese, soteriologiese en die christologiese (Christus het immers gesterf en opgestaan) sy krag en waarde kry.

Naas die belangrike Christologiese, soteriologiese en pneumatologiese aksente hou pastoraalgerigte prediking ook 'n eskatologiese aksent in. In die pastoraalgerigte prediking gaan dit om verandering vanuit die versoening, oorwinning vanuit die opstanding, en geloofsgroei met die oog op die toekoms van die koninkryk (Du Toit 1986:43) Verandering of de-konstruksie moet dus altyd groei vanuit die Drie-enige God en gerig wees op God en sy koninkryk. Die mens bly 'n antwoordende wese voor God.

Hoewel die tegnieke tot de-konstruksie baie kragtig is, is dit duidelik dat die kriteria vir 'n geslaagde pastorale gesprek nie onveranderd op 'n preek afgedwing kan word nie. In 'n preek moet God se Woord en sy riglyne vir die lewe aan die woord kom. Die wyse hoe die appél tot verandering vanuit die Woord tot die lidmate kom, moet egter op so 'n wyse geskied dat de-konstruksie aan die hand gewerk word.

Nadat die terapeutiese beginsels en tegnieke vanuit die hoek van die sosiale konstruksie-model beskryf is en gewys is op die eie aard van pastoraalgerigte prediking, sal daar nou gepoog word om die gebruiksmoontlikhede van die terapeutiese beginsels soos wat dit vloei vanuit die sosiale konstruksie-model op pastoraalgerigte prediking toe te pas.

# 3. TERAPEUTIESE BEGINSELS VANUIT DIE SOSIALE KONSTRUKSIE-MODEL EN DIE PREDIKING

## 3.1. Die preek moet kommunikasie ontlok

Soos reeds aangetoon kan die reaksiespanning by lidmate ten opsigte van die uitlewing van die gepredikte woord, vanuit die sosiale konstruksie-model verklaar word as die mag wat die lewensverhaal van 'n persoon oor hom het. As die verhaal verander, sal die persoon vry wees tot verandering en die uitleef van die gepredikte boodskap.

'n Baie belangrike beginsel wat hier gestel moet word, is die feit dat betekenis gevorm word deur kommunikasie. Die appél vanuit die preek moet dus kommunikasie ontlok. Waar iemand aan die woord kom en sy/haar eie stem hoor, word nuwe betekenis gevorm. Kommunikasie sou beteken gesprek met ander asook self-kommunikasie. Besprekingsgroepe wat handel oor die betekenis van die preek vir die betrokke individu, kan baie sinvol in die proses van de-konstruksie wees. Die preek moet die lidmaat egter ook *stuur* na persone wat op sy geniagram belangrike rolle gespeel het.

## 3.2. Vrae dwing tot kommunikasie

Die taak van die terapeut is om ruimte te skep vir gesprek. Die terapeut skep hierdie ruimte deur vrae te vra vanuit 'n *not knowing position*. Dit is belangrik dat die prediker sal besef dat dit sy/haar taak is om die riglyne vanuit die Bybel duidelik en aktueel aan die gemeente te bring. Hy/symoet egter versigtig wees om te dink dat hy/sy regtig die lidmate ken en in hulle skoene kan staan. Omdat daar so geweldig baie faktore is wat 'n rol speel in die vorming van betekenis, is dit onmoontlik om individue se lewensverhale regtig te ken. Kennis is 'n individuele saak. Die lidmaat bly dus die spesialis op sy/haar lewensverhaal. Die prediker moet dus versigtig wees om te direkte toepassings te maak. Deur dit te doen kan hy/sy wel die lidmaat se skuld beklemtoon, maar hy/sy stel hom nie in die posisie om nuut op te tree nie, aangesien sy/haar lewensverhaal enige nuwe optrede teoreties onmoontlik maak. Die prediker moet vanuit die beginsels slegs vrae vra wat die lidmaat lei tot die *bevra* van sy/haar optrede. Dit is belangriker dat die lidmaat met vrae as met antwoor-

de huis toe gaan. Die vrae moet egter gemik wees op sy/haar reaksie ten opsigte van die preek en dit wat hom/haar verhinder om die boodskap uit te leef, en nie op die beginsels wat aan die orde gekom het nie.

Deur middel van vrae moet die lidmaat gelei word om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy/haar optrede. Die volgende vrae kan effektief wees: Is jy bewus van situasies in jou grootword-dae waar hierdie saak waarop die prediking konsentreer, aangespreek moes word? Hoe het jou ouers dit hanteer? By wie het hulle geleer om dit so te hanteer? Hoe gaan jy dit hanteer? Hoe het hulle hanteringswyse jou beïnvloed? Watter gevolge gaan jou hanteringswyse laat oorspoel na jou kinders? Is daar nie 'n beter hanteringswyse moontlik nie? Wat verhinder jou om die beter hanteringswyse te volg?

Met hierdie vrae word die lidmaat gedwing tot self-differensiasie. As die prediker te voorskriftelik is, is hy/sy dikwels besig om sy/haar eie wyse van hantering as norm te verhef, sonder om te besef dat sy/haar wyse 'n unieke wyse van hantering is.

## 3.3. Eksternalisering

Soos reeds aangetoon val die klem by eksternalisering op twee groepe vrae wat daarop gemik is om 'n afstand te skep tussen die persoon en die probleem of sonde. By eksternalisering val die klem dus ook op die vra van die regte vrae en nie op die gee van antwoorde nie. Die eerste groep vrae konsentreer op die invloed wat die probleem op die persoon en sy verhoudingslewe het, terwyl die tweede groep vrae konsentreer op die invloed wat die persoon op die voortbestaan van die probleem het.

Hier kan ook gebruik gemaak word van personifiëring. Die sonde of afbrekende saak kan gepersonifieer word deur byvoorbeeld te vra aan watter dier laat hierdie sonde jou dink. Wat doen hierdie dier aan jou en aan jou mense? Dan kan die beheer terug geplaas word deur te vra, ek wonder wat eet hierdie dier? Watter kos gee jy aan hom om hom aan die lewe te hou? Deur hierdie vraag ontdek die lidmaat dat hy/sy eintlik verantwoordelik is vir die probleem en dat hy/sy beheer kan oorneem.

In plaas van om die lidmate slegs te wys op die sonde en miskien met hulle te raas en hulle te beskuldig, sal dit meer sinvol wees om die lidmate in 'n selfgesprek te plaas deur bloot vrae te vra oor die invloed wat die probleem (sonde) moontlik op hulle lewens en op hulle verhoudings met ander en met God het. In plaas van om beskuldigende opmerkings te maak soos "Besef jy hoe jy jou lewe verwoes?", is dit beter om 'n *not knowing* posisie in te neem en bloot saam met die lidmaat te wonder watter invloed die probleem waaroor die Bybel praat op sy/haar lewe en sy/haar verhouding met ander het en hoe hy/sy deur sy/haar optrede hierdie probleem aan die lewe hou. Deur hierdie vrae te vra, word die lidmaat in beheer geplaas. As die lidmate slegs beskuldig word, versterk dit juis die lewensverhaal wat *problem-saturated* is. Beskuldigings lei tot skuldgevoelens, maar stel iemand nie in die posisie om beheer te kry oor die probleem nie.

Die pneumatologiese dimensie kan ook so deur middel van vrae beklemtoon word. 'n Vraag soos "Ek wonder wat kan die Heilige Gees vir jou doen in jou poging om oorwinning te kry?" of "Ek wonder wat doen jy om die Heilige Gees te verhinder in jou lewe?" kan gevra word.

Die belangrike is dat gekonsentreer sal word op vrae wat die lidmaat in gesprek met homself/haarself en ander bring en die lidmaat laat besef dat hy/sy nie 'n slagoffer hoef te wees nie. Die lidmaat moet ontdek dat hy/sy verantwoordelikheid kan aanvaar. Dit bring ons by die gedagte van *unique outcomes*.

## 3.4. *Unique outcomes*

'n *Unique outcome* is 'n geleentheid waar 'n persoon wel sukses behaal het. In plaas van om te beskuldig deur te sê "Jy het dit dan reggekry. Waarom doen jy weer die verkeerde?", kan die prediker vrae vra soos "Ek wonder of jy kan dink aan 'n geleentheid waar hierdie versoeking oor jou pad gekom het en jy nie daaraan toegegee het nie? Ek wonder wat het jy gedoen om daardie keer staande te bly? Ek wonder wat verhinder jou om weer daardie optrede te herhaal?"

Hier is die tegniek van *not-knowing* weer belangrik. Dit het meer waarde vir die lidmaat om self te ontdek hoe hy/sy dit reggekry het as wat die prediker dit probeer sê. Vanuit die Skrif kan daar ook na

*unique outcomes* gesoek word in Bybelfigure se lewens. *Unique outcomes* bestaan ook in ander gelowiges se lewens. Selfs ons voorouers kan gebruik word om *unique outcomes* te identifiseer en te benut. Die belangrike is die gedagte om 'n suksesverhaal deur middel van vrae uit te lig. Deur te konsentreer op die sonde en die lidmate wat weer misluk het, word die afbrekende lewensverhaal lewendig gehou en kan die lidmate nie verander nie.

## 4. SLOT

Ek wil afsluit met die aanhaling van Parry (1991:42): "Beliefs are embedded in the story; change the story and old beliefes are shattered". Lidmate se afbrekende en beperkende lewensverhale moet gede-konstrueer word sodat hulle as bevryde mense in ve-antwoordelikheid kan antwoord op God se verhaal met hulle in en deur sy Seun en die Heilige Gees. Dekonstruksie kan alleen plaasvind as die persoon in kommunikasie met homself/haarself en ander gebring word. Deur die regte vrae te vra en baie versigtig te wees om antwoorde te gee, word kommunikasiegeleenthede geskep en sal lewensgroei plaasvind.

# BIBLIOGRAFIE

ANDERSON H & H GOOLISHIAN
(In press). The client is the expert. A not-knowing approach to therapy. To appear in Gerger, K & Mc Nemee, S *Inquires in Social Construction*. Sage Press.

CRADDOCK F B
1985. *Preaching*. Nashville: Abingdon.

DE KLERK J J
1977. *Prediking*. Pretoria: NGKB

DU TOIT F J
1986. Die pastorale gerigtheid van die prediking in die gemeente. Stellenbosch: DTh Proefskrif, US.

ELFRAN J S, R J LUKENS & M D LUKENS
1988. Constructivism: What's in it for you? *The Family Therapy Network* 12(5):27-35.

TOMM K & J W LANNAMANN
1988. Constructivism applied. Co-creating new realities, *The Family Therapy Network* 12(5):37-41.

FOWLER J W
1987. *Faith development and pastoral care*. Philadelphia: Fortress.

FRIEDMAN E H
1991. Bowen theory and therapy, in Gurman, A & Kniskern, D P *Handbook of family therapy*. Vol 2 New York: Brunner/Mazel.

1985. *Generation to generation: Family Process in church and synagogue*. New York: Guilford.

HOFFMAN L
1990. Construction realities: An art of lenses, *Family Process* 29:1-12.

KELLERMANN J S
1978. Vormgewing van die prediking as kommunikasie-probleem. Stellenbosch: DTh-proefskrif, US.

KERR M E & M BOWAN
1988. *Family evaluation*. New York: Norton.

1984. Theoretical base for differensiation of self in one's family of origin, in Munson, C E (Ed) *Family of origin applications in clinical supervision*, New York: Haworth.

KOTZE D J

1986. Verantwoordelikheid as antropologiese essensie. DD proefskrif UP.

LOUW D J

1982. *Pastoraat in eskatologiese perspektief.* Kaapstad: NGKU.

MCGOLDRICK M & R GERSON

1985. *Genograms in family assessment.* New York: Norton.

PARRY A

1991. A universe of stories. *Family Process*, 30:37-54.

PIETERSE H J C

1985. *Verwoording en prediking.* Pretoria: NGKB.

VAN DER WESTHUIZEN A C

1996. Die spanning tussen hoor en doen as reaksie op die prediking in 'n gemeentebouende bediening. MTh skripsie UOVS.

WAANDERS D D

1987. Ethical reflections on the differentiation of self in marriage. *The Journal of Pastoral care*, 41:100-110.

WHITE M

1988. The process of questioning. A therapy of literary merit?, *Dulwich Centre Newsletter*, Winter 1988:37-46.

1991. Deconstruction and therapy, *Dulwich Centre Newsletter*, 1991 3:21-40.

WHITE M & D EPSTONE

1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York: Norton.